# Week 5 Dag 2: Godsdienstige reëls

*Lees Kol 2:6-23 en 3:1-4*

In Paulus se tyd was daar talle reëls wat in die godsdiens gegeld het. Veral rituele reinheidswette, en kos wat rein of onrein is, het sterk oorgeloop uit die Joodse godsdiens waaruit die Christelike geloof gegroei het.

Vandag dink ons glad nie meer so oor kos en oor rein en onrein nie. Maar ons sit ook met 'n erfenis van moets en moenies, veral oor die manier waarop Sondae deurgebring moet word, en wat taboe is op 'n Sondag. Ek onthou 'n tyd toe ek nie op 'n Sondag fiets mag gery het, of kaart gespeel het, of enige speletjie waarin 'n dobbelsteentjie gebruik word nie.

Al dié reëls was nie noodwendig sleg nie. Die reël dat jy op 'n Sondag kerk toe gaan en nie daaroor dink en besluit nie, dink ek, was baie sinvol en het gelei tot 'n goeie gebruik. Maar reëls op sigself help jou nie om nader aan God te om nie; inteendeel. Dit is presies die soort goed wat godsdiens 'n pligpleging sonder enige vreugde maak, waarby jy in Week 3 stilgestaan het.

Dink oor jou eie lewe voor die Here. Is daar vaste reëls waarby jy lewe? Dink jy dit is deel van 'n wettiese godsdiens? Skryf hulle hieronder neer, en dink oor watter van dié reëls jou help om nader aan God te leef, en watter nie.

> *Gebed: Dankie, Here Jesus, dat U my verlos het van 'n wettiese godsdiens sodat ek vry is om vir U te leef.*

## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026